Disposal of straying animals.

12. (1) Whenever an owner or manager of land finds on the land, or whenever an owner of animals finds among his animals, any animal which he knows has strayed thereto or has been unlawfully removed from a place outside the Republic, or which can reasonably be suspected of having so strayed or been removed, he shall—

(a) forthwith isolate such animal and report the finding of the animal in the prescribed manner to the director; and

(b) detain the animal, and any progeny or product thereof, in isolation, pending the decision of the director as to its disposal.

(2) The director may, after the presence of a foreign animal has been reported to him in terms of paragraph *(a)* of subsection (1)—

(a) if—

(i) any person who alleges and proves that he is the owner of the animal submits, within two days after such report to the director, a written request to the director for the restoration to him of the animal, and reimburses the State for any expenses incurred in connection with the animal within seven days after having been requested to do so; and

(ii) the director is of the opinion that no provision of subsection (1) of section 17 is applicable in respect of the animal, or any progeny or product thereof, and that the circumstances under which the animal has been found justifies such a restoration,

direct that the animal and any such progeny or product thereof be restored to the owner; or

(b) direct that the person who found the animal shall forthwith remove the animal, and any such progeny or product thereof, to a place indicated by the director for purposes of the performance of controlled veterinary acts in respect thereof by the director, or destroy it, or otherwise dispose of it, in accordance with the instructions of the director; or

(c) himself deal with the animal, and any such progeny or product thereof, in accordance with any applicable provision of section 17; or

(d) seize the animal, and any such progeny or product thereof, and in his discretion destroy it, or dispose thereof for the benefit of the State.

(3) The provisions of subsections (1) *(a)* and *(b)*, (2) *(c)* and (4) *(a)* shall *mutatis mutandis* also apply in respect of any animal, and any progeny or product thereof, found on land by the owner or manager of the land, or by an owner of animals thereon, if such person knows that it has strayed thereto, or has been unlawfully removed, from any other place in the Republic, or if it can reasonably be suspected of having so strayed or been removed, and knows that any circumstance referred to in subsection (1) *(b)* of section 17 is present in respect thereof, or if it can reasonably be so suspected.

(4) No person shall, except pursuant to a provision of subsection (2) or under authority of the director—

(a) remove any animal, or any progeny or product thereof, referred to in subsection (1) or (3) from any place where it is being detained in isolation in terms of any provision of this section; or

(b) contravene, or fail to comply with, any provision of a direction of the director referred to in subsection (2) *(b)* which has been addressed to him.

Rendering of certain services by director.

13. (1) The director may, subject to subsections (2) and (3), whenever any owner of any controlled animal or thing, or any owner or manager in respect of land, applies voluntarily in the prescribed manner to him—

(a) om die lewering van advies deur hom aan so 'n persoon betreffende die geskiktheid of gesondheid van;
(b) om die uitvoering of verrigting deur hom van enige beheerde veterinêre handeling of van enige ander handeling wat verband hou met 'n beheerde doel, ten opsigte van; of
(c) om 'n voorgeskrewe sertifikaat van geskiktheid of gesondheid ten opsigte van,

daardie dier of ding, of daardie grond, na gelang van die geval, sodanige advies lewer, ondersoek of handeling doen of verrig, of sertifikaat uitreik of weier om dit uit te reik, na gelang van die geval.

(2) Die direkteur is nie verplig om 'n diens in subartikel (1) bedoel, in 'n bepaalde geval te lewer nie, indien—

(a) die vereiste toerusting, middele of beamptes; of
(b) die vereiste akkommodasie vir die dier of ding by 'n plek, sentrum, inrigting of kwarantynstasie wat hy vir die betrokke doel geskik ag,

nie vir hom beskikbaar is nie.

(3) (a) Die eienaar of bestuurder aan wie 'n diens ingevolge hierdie artikel gelewer word, moet gelde teen die voorgeskrewe tariewe ten opsigte van die diens wat gelewer is, aan die direkteur betaal.

(b) Die direkteur kan enige eienaar of bestuurder van die betaling van gelde vrystel indien hy van oordeel is dat die lewering van die betrokke diens—

(i) in ooreenstemming is met die beleidsdoelwitte van die departement betreffende die bevordering van dieregesondheid;
(ii) in belang is van die veebedryf in die Republiek;
(iii) nodig is weens abnormale mortaliteit van diere; of
(iv) nodig is as gevolg van 'n ongewone dieresiekte wat 'n aanmerklike getal diere aantas of kan aantas.

Oorname van beheer oor grond deur direkteur.

14. (1) Die direkteur kan, wanneer hy dit vir enige beheerde doel nodig ag, by skriftelike kennisgewing aan 'n eienaar of bestuurder van grond op die voorgeskrewe wyse beteken, verklaar dat hy vanaf 'n vermelde datum beheer oor grond in die kennisgewing omskryf, met inbegrip van alle heinings, strukture, geriewe of verbeterings op die grond, of slegs van dié heinings, strukture, geriewe of verbeterings daarin vermeld, oorneem vir 'n tydperk in die kennisgewing vermeld of vir die tydperk wat die direkteur nodig ag.

(2) Die direkteur kan te eniger tyd na die betekening van 'n kennisgewing, en vanaf die datum daarin vermeld—

(a) die grond betree en okkupeer, en die helpers, beamptes, vervoermiddels, toestelle, instrumente, gereedskap, middels en ander goed wat hy vir sy doel nodig ag, met hom saamneem;
(b) 'n kamp met die nodige toebehoorsels en toerusting op die grond oprig, en 'n pad wat toegang daartoe verleen, aanlê;
(c) enige plantegroei op die grond verwyder;
(d) enige heining of hek daarop oprig, of 'n bestaande heining of hek verander of verwyder;
(e) 'n geskikte plek op die grond vir die vankantmaking of ander beskikking oor enige beheerde voorwerp of ding, ongeag of dit van die grond afkomstig is of daarop gevind is of nie, gebruik;
(f) van weiding, vuurmaakgoed en water gebruik maak;
(g) enige handeling op die grond verrig wat 'n eienaar of bestuurder van die grond ingevolge hierdie Wet daarop moet verrig of moes verrig het, en die uitgawes daaraan verbonde op die eienaar of bestuurder verhaal; en
(h) die ander handelinge wat hy vir die betrokke beheerde doel nodig ag, op of ten opsigte van die grond verrig.

(3) Die direkteur—

(a) bring geen strukturele veranderings aan nie; of
(b) rig geen permanente strukture, uitgesonderd heinings, op nie,

op enige grond waaroor hy kragtens hierdie artikel beheer geneem het, tensy die Minister vooraf toestemming daartoe verleen het.

(a) for the rendering of advice by him to such person regarding the fitness or health of;

(b) to effect or perform any controlled veterinary act or any other act connected with a controlled purpose, in respect of; or

(c) for a prescribed certificate of fitness or health in respect of,

that animal or thing or that land, as the case may be, render such advice, effect or perform such examination or act, or issue such certificate or refuse to issue it, as the case may be.

(2) The director shall not be obliged to render any service referred to in subsection (1), if, in a particular case—

(a) the required equipment, means or officers are; or

(b) the required accommodation for the animal or thing at a place, centre, institution or quarantine station deemed suitable by him for the purpose, is,

not available to him.

(3) (a) The owner or manager to whom a service is rendered under this section, shall pay fees at the prescribed rate in respect of the service rendered, to the director.

(b) The director may exempt any owner or manager from the payment of fees if he is of opinion that the rendering of the relevant service—

(i) is in accordance with the policy aims of the department regarding the promotion of animal health;

(ii) is in the interest of the livestock industry in the Republic;

(iii) is necessary due to an abnormal mortality of animals; or

(iv) is necessary as a result of an unusual animal disease afflicting, or which can afflict, an appreciable number of animals.

Assumption of control over land by director.

14. (1) The director may, whenever he deems it necessary for any controlled purpose, declare by written notice served in the prescribed manner on any owner or manager of land, that he assumes as from a specified date control over land defined in the notice, including all fences, structures, facilities or improvements on the land, or only such fences, structures, facilities or improvements specified therein, for a period specified therein or for such period as the director may deem necessary.

(2) The director may at any time after the service of a notice, and as from the date specified therein—

(a) enter upon and occupy the land, and take with him such assistants, officers, conveyances, appliances, instruments, tools, remedies and other things as he may deem necessary for his purpose;

(b) establish a camp, together with the necessary accessories and equipment, on the land, and construct a road giving access thereto;

(c) remove any vegetation on the land;

(d) erect any fence or gate thereon, or alter or remove any existing fence or gate;

(e) use any suitable place on the land for the destruction or other disposal of any controlled animal or thing, irrespective of whether it originated from or was found on the land, or not;

(f) make use of grazing, fuel and water;

(g) perform any act on the land which an owner or manager of the land is required in terms of this Act to perform, and recover any expenditure connected therewith from the owner or manager; and

(h) perform such other acts on or in respect of the land as he may for the relevant controlled purpose deem necessary.

(3) The director shall not—

(a) effect any structural alterations; or

(b) erect any permanent structures, except fences,

on any land over which he has assumed control under this section, unless the Minister has previously consented thereto.

Bevelskrifte.

15. (1) Die direkteur kan, ten einde 'n beheerde doel te bereik, 'n bevelskrif op die voorgeskrewe wyse aan enige eienaar van diere of dinge, of eienaar of bestuurder van grond, beteken waarin hy gelas word om, met betrekking tot—

(a) 'n vermelde beheerde dier of ding; of

(b) grond daarin omskryf; of

(c) so 'n dier of ding en sodanige grond,

'n vermelde bepaling van hierdie Wet na te kom, of 'n ander omskrewe handeling te verrig, of nie te verrig nie.

(2) 'n Bevelskrif is, behoudens subartikels (3) en (4), bindend vir die betrokke persoon en enige ander persoon wat ten opsigte van die betrokke diere, dinge of grond sy regsopvolger is.

(3) Ondanks 'n andersluidende bepaling van 'n bevelskrif aangaande die beweging of verwydering van 'n beheerde dier of ding, kan die direkteur te eniger tyd op skriftelike aansoek van 'n betrokke persoon skriftelike magtiging aan hom verleen om ooreenkomstig die voorwaardes van die magtiging (as daar is) so 'n dier of ding te beweeg of te verwyder.

(4) Die direkteur kan by 'n skriftelike kennisgewing op die voorgeskrewe wyse aan 'n eienaar of 'n bestuurder, of sy regsopvolger, beteken, 'n bevelskrif—

(a) wysig; of

(b) indien die direkteur na die inspeksies of ondersoeke wat hy nodig ag, tevrede is dat die bepalings van die bevelskrif behoorlik nagekom is en dat die oogmerke daarvan verwesenlik is, intrek.

(5) 'n Dokument wat heet onderteken te wees deur die direkteur en heet opgestel te wees op die wyse wat ten opsigte van die betekening van bevelskrifte en kennisgewings vir die doeleindes van hierdie subartikel voorgeskryf is, is afdoende bewys dat 'n bevelskrif ingevolge subartikel (1), of 'n kennisgewing ingevolge subartikel (4), aan 'n persoon beteken is.

Betredings- en ondersoekbevoegdhede van direkteur.

16. (1) *(a)* Die direkteur kan te eniger tyd, sonder vooraf kennisgewing aan enige eienaar of bestuurder of enige ander persoon, wanneer hy dit nodig ag vir enige beheerde doel, of by die uitoefening of uitvoering deur hom van enige bevoegdheid of plig deur of kragtens hierdie Wet verleen of opgelê—

(i) enige grond betree; of

(ii) enige vervoermiddel in die territoriale waters, soos omskryf in die Wet op Territoriale Waters, 1963 (Wet No. 87 van 1963), van, of op enige ander plek in, die Republiek, laat stilhou en betree, of onder sy beheer neem of aan boord daarvan gaan.

(b) Die direkteur kan, wanneer hy kragtens paragraaf *(a)* optree—

(i) die helpers, beamptes, vervoermiddels, toestelle, instrumente, gereedskap, middels of ander goed wat hy vir sy doel nodig ag, met hom saamneem;

(ii) alle redelike bystand eis van 'n eienaar of bestuurder van grond waarvan die betrokke grond deel uitmaak, of van iemand wat die eienaar is ten opsigte van die betrokke vervoermiddel, of van enige beheerde dier of ding wat op die grond of in of op die vervoermiddel is of was, om hom in staat te stel om sy bevoegdhede en pligte ten opsigte van elke deel of gedeelte van die grond of vervoermiddel uit te oefen en uit te voer.

(2) Die direkteur kan op die betrokke grond of ten opsigte van die betrokke vervoermiddel—

(a) (i) soek na enige beheerde dier of ding en, indien hy redelike gronde het om te vermoed dat so iets daarop of daarin is, eis dat die eienaar of bestuurder dit aan hom toon;

(ii) ondersoek instel na die aanwesigheid of voorkoms van 'n dieresiekte of parasiet;

(iii) bakens oprig of merke of seëls aanbring;

(iv) enige toestel of toerusting wat beskikbaar is vir gebruik in verband met enige beheerde doel, ondersoek of toets;

Orders.

15. (1) The director may, in order to achieve a controlled purpose, serve an order in the prescribed manner on any owner of animals or things, or any owner or manager of land, wherein he is directed, in respect of—

(a) any specified controlled animal or thing; or

(b) land defined therein; or

(c) any such animal or thing and such land,

to comply with a specified provision of this Act, or to perform, or abstain from performing, any other defined act.

(2) An order shall, subject to subsections (3) and (4), be binding on the person concerned and any other person who is his legal successor in respect of the relevant animals, things or land.

(3) Notwithstanding any provision to the contrary in any order regarding the movement or removal of any controlled animal or thing, the director may at any time on written application of a person concerned grant him written authority to move or remove any such animal or thing in accordance with the conditions of the authority (if any).

(4) The director may by written notice served on an owner or a manager, or his legal successor, in the prescribed manner—

(a) amend any order; or

(b) if the director is satisfied after such inspections or examinations as he may deem necessary that the provisions of the order have been properly complied with and that the objects thereof have been achieved, withdraw any order.

(5) A document purporting to have been signed by the director and framed in a manner which has in respect of the serving of orders and notices been prescribed for purposes of this subsection, shall be conclusive proof that an order under subsection (1), or a notice under subsection (4), has been served on a person concerned.

Powers of entry and inspection of director.

16. (1) *(a)* The director may at any time, without prior notice to any owner or manager or any other person, whenever he deems it necessary for any controlled purpose, or in the exercising or performing by him of any power or duty granted to or imposed upon him by or under this Act—

(i) enter upon any land; or

(ii) order to stop and enter upon, take control of or board any conveyance in the territorial waters, as defined in section 2 of the Territorial Waters Act, 1963 (Act No. 87 of 1963), of, or at any other place in, the Republic.

(b) The director may, when acting under paragraph *(a)*—

(i) take with him such assistants or officers and conveyances, appliances, instruments, tools, remedies or other things as he may deem necessary for his purpose;

(ii) require all reasonable assistance from an owner or manager of land of which the relevant land forms part, or from a person who is the owner in respect of the relevant conveyance or of any controlled animal or thing which is or has been on the land, or in or on the conveyance, in order to enable him to exercise and perform his powers and duties in respect of any part or portion of the land or conveyance.

(2) The director may on the relevant land or in respect of the relevant conveyance—

(a) (i) search for any controlled animal or thing and, if he on reasonable grounds suspects it to be thereon or therein, require the owner or manager to produce it to him;

(ii) make investigations regarding the presence or incidence of any animal disease or parasite;

(iii) install beacons or affix marks or seals;

(iv) inspect or test any appliance or equipment which is available for use in connection with any controlled purpose;

(v) monsters neem van enige middel, of 'n finale mengsel daarvan, wat vir gebruik ten opsigte van enige toepaslike beheerde doel bestem is, en dit ontleed of toets;

(vi) vasstel of iets wat ingevolge hierdie Wet gedoen moet word, gedoen is of word;

(vii) die doen van enigiets wat ingevolge hierdie Wet van iemand vereis word, inspekteer of toesig daaroor hou;

(viii) enige beheerde diere of dinge wat hy vind, nagaan, tel, en die identiteit, oorsprong of afkoms daarvan vasstel, teen enige dieresiekte of parasiet behandel, en enige beheerde veterinêre handeling ten opsigte daarvan verrig, en voorgeskrewe tydelike of permanente merke op die voorgeskrewe wyse aanbring; en

(ix) in die algemeen, die verdere ondersoeke en handelinge wat hy nodig ag, instel of verrig;

(b) eis dat enige persoon in surbartikel (1) *(b)* (ii) bedoel, sonder versuim of op die tyd en plek deur die direkteur bepaal—

(i) 'n register, boek, aantekening of ander dokument wat so 'n persoon ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet, of, ten opsigte van enige dier, ding of vervoermiddel in genoemde subartikel bedoel, ingevolge 'n bepaling van enige ander wet, moet hou of toon, aan hom vir inspeksie moet toon, of 'n afskrif daarvan aan hom moet verstrek, en die direkteur kan in so 'n dokument die aantekeninge maak wat hy dienstig ag ten opsigte van enige inskrywing wat daarin voorkom of moes voorgekom het, of wat na sy oordeel verkeerd of vals is;

(ii) enige inskrywing, skrapping, wysiging, weglating of aantekening in die dokument verduidelik; en

(iii) enige ander inligting wat hy vereis, aan hom verstrek.

(3) Die direkteur kan, wanneer hy iemand kragtens hierdie artikel spreek of ondervra, na gelang hy dit dienstig ag en vereis so 'n persoon òf alleen òf in die teenwoordigheid van iemand anders spreek of ondervra.

Beslagleggings deur direkteur.

17. (1) Die direkteur kan te eniger tyd op enige wyse wat hy geskik ag en sonder voorafgaande kennisgewing aan enige persoon, beslag lê—

(a) op enige dier, vervoermiddel, dokument bedoel in artikel 16 (2) *(b)* (i), of ander ding—

(i) wat betrokke is, of op redelike gronde deur hom vermoed word betrokke te wees, by die pleging of vermeende pleging van 'n misdryf ingevolge hierdie Wet; of

(ii) wat tot bewys kan strek van die pleging of vermeende pleging van so 'n misdryf; of

(iii) wat bestem is, of op redelike gronde deur hom vermoed word bestem te wees, om by die pleging van so 'n misdryf gebruik te word;

(b) behoudens artikel 19, op enige besmetlike of besoedelde ding, of op enige dier of ding wat hy op redelike gronde vermoed 'n besmetlike of besoedelde ding te wees, of op enige dier wat hy vind en ten opsigte waarvan hy weet, of op redelike gronde vermoed, dat dit na die plek waar hy dit vind vanaf 'n plek buite die Republiek afgedwaal het.

(2) Die direkteur moet iets waarop hy kragtens subartikel (1) *(a)* beslag gelê het sonder versuim aan 'n polisiebeampte soos omskryf in artikel 1 (1) van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), oorhandig, en daaroor word beskik ooreenkomstig die toepaslike bepalings van daardie Wet betreffende beslagleggings op voorwerpe deur die Staat.

(3) Enige dier of ding waarop die direkteur kragtens subartikel (1) *(b)* beslag gelê het, kan deur hom—

(v) take and analyse or test samples of any remedy, or the final mixture thereof, which is intended for use in respect of any applicable controlled purpose;

(vi) ascertain whether anything required to be done in terms of this Act has been or is being done;

(vii) inspect and supervise the doing of anything which any person is in terms of this Act required to do;

(viii) check, count, and establish the identity, origin and descent of, treat against any animal disease or parasite, and effect any controlled veterinary act in respect of, any controlled animals or things found by him, and make in the prescribed manner any temporary or permanent marks; and

(ix) in general, make such further investigations and perform such other acts as he may deem necessary;

(b) require that a person referred to in subsection (1) *(b)* (ii), forthwith or at the time and place fixed by the director—

(i) produce to him for inspection, or provide him with, a copy of any register, book, record or other document which such person is required in terms of this Act, or, in respect of any animal, thing or conveyance referred to in the said subsection, in terms of the provisions of any other law, to keep or produce, and the director may make in such document such notes as he may deem expedient in respect of any entry appearing therein or which is required to appear therein, or which in his opinion is inaccurate or false;

(ii) explain any entry, deletion, alteration, omission or note in such document; and

(iii) furnish him with any other information required by him.

(3) The director may, whenever he addresses or interrogates any person under this section, address or interrogate such person either in private or in the presence of any other person, as he may deem fit and require.

Seizures by director.

17. (1) The director may, at any time in any manner deemed fit by him, and without notice to any person, seize—

(a) any animal, conveyance, document referred to in section 16 (2) *(b)* (i), or other thing—

(i) which is concerned, or is on reasonable grounds believed by him to be concerned, in the commission or suspected commission of any offence under this Act; or

(ii) which may afford evidence of the commission or suspected commission of any such offence; or

(iii) which is intended, or is on reasonable grounds believed by him to be intended, to be used in the commission of any such offence;

(b) subject to section 19, any infectious or contaminated thing, or any animal or thing which he on reasonable grounds suspects to be a contaminated or infectious thing, or any animal which he finds and which he knows, or on reasonable grounds suspects, to have strayed to the place where he finds it from a place outside the Republic.

(2) The director shall without delay deliver any thing seized by him under subsection (1) *(a)* to a police official as defined in section 1 (1) of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), and it shall be disposed of in accordance with the applicable provisions of that Act relating to seizures of objects by the State.

(3) Any animal or thing seized by the director under subsection (1) *(b)* may, by him—

(a) na enige plek wat hy geskik ag, verwyder word, en hy kan die beheerde veterinêre handelinge wat hy ten opsigte daarvan nodig of dienstig ag, verrig;

(b) indien dit 'n lewende dier is en die direkteur 'n nadoodse ondersoek nodig ag, geslag word;

(c) indien hy van oordeel is dat die eienaar ten opsigte van die betrokke dier of ding ten tyde van die beslaglegging oor die vereiste toerusting en middele beskik om so 'n dier of ding en, waar van toepassing, enige voortbrengsel of produk daarvan, aan te hou of te versorg op 'n wyse wat sal verseker dat 'n betrokke dieresiekte of parasiet nie sal versprei nie, ooreenkomstig voorwaardes waarop met so 'n persoon deur die direkteur ooreengekom word, in so 'n persoon se bewaring geplaas word; of

(d) indien hy van oordeel is—

(i) dat 'n afsondering of behandeling daarvan geen betrokke beheerde doel sal bevorder nie; of

(ii) dat die berekende koste van die verrigting ten opsigte daarvan van enige handeling bedoel in paragrawe *(a)*, *(b)* of *(c)* die beraamde waarde daarvan oorskry; of

(iii) dat geen middele of toerusting beskikbaar is om ooreenkomstig paragrawe *(a)* of *(b)* ten opsigte daarvan te handel nie;

van kant gemaak of andersins oor beskik word, of die betrokke eienaar kan gelas word om dit aldus van kant te maak of daaroor te beskik.

(4) Die direkteur moet enige dier of ding waarop hy kragtens subartikel (1) *(b)* beslag gelê het en ten opsigte waarvan ooreenkomstig subartikel (3) *(a)* of *(c)* opgetree is, sodra die direkteur oortuig is dat die aanhouding daarvan nie meer vir enige beheerde doel nodig is nie, aan die betrokke eienaar terugbesorg, of toestem dat dit in volle besit van die betrokke eienaar herstel word, na gelang van die geval.

(5) Die karkas van 'n dier waarop kragtens subartikel (1) *(b)* beslag gelê is, of wat uit hoofde van subartikel (3) *(b)* geslag, of van subartikel (3) *(d)* van kant gemaak of oor beskik is, word aan die Staat verbeur, en die direkteur kan—

(a) indien hy oor die karkas op 'n wyse wat vir die Staat voordelig is, kan beskik, aldus daaroor beskik, in welke geval uitgawes wat daaruit voortspruit uit enige inkomste wat daaruit verkry kan word, verhaal word; of

(b) waar paragraaf *(a)* nie van toepassing is nie, na goeddunke daaroor beskik.

(6) 'n Eienaar ten opsigte van enige dier of ding waarop kragtens subartikel (1) *(b)* beslag gelê is, moet die redelike uitgawes wat die direkteur in verband met die verrigting deur hom van enige handeling ten opsigte daarvan kragtens 'n bepaling van subartikel (3), (4) of (5) aangegaan het, en wat nie uit inkomste bedoel in subartikel (5) *(a)* verhaal kan word nie, aan die Staat vergoed: Met dien verstande dat die voorgaande bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is nie ten opsigte van enige dier waarop 'n bepaling van 'n dieregesondheidskema van toepassing is.

Heinings.

18. (1) *(a)* Die direkteur kan, vir enige beheerde doel of ten einde in verband daarmee die beweging, verwydering of vervoer van diere te beheer, permanente heinings langs, op of oor openbare of private paaie of langs die grense van enige grond, en tydelike heinings op of oor enige grond, oprig, en hekke, motorhekke of ander deurgange in enige sodanige heining aanbring.

(b) Die direkteur kan heinings opgerig en deurgange aangebring kragtens paragraaf *(a)* in stand hou, en kan van tyd tot tyd die veranderinge daaraan wat hy nodig ag, aanbring.

(2) Die direkteur kan op grond, paaie wat toegang verleen tot, of wat nodig is in verband met die oprigting, instandhouding of verandering van, enige heining bedoel in subartikel (1), bou,

(a) be removed to any place deemed suitable by him, and he may perform such controlled veterinary acts in respect thereof as he may deem necessary or expedient;

(b) if it is a living animal and the director considers a post-mortem examination necessary, be slaughtered;

(c) if he is of opinion that the owner in respect of the relevant animal or thing at the time of the seizure possesses the necessary equipment and means to detain and care for such animal or thing and, where applicable, any progeny or product thereof, in a manner which will ensure that the relevant controlled animal disease or parasite will not spread, be placed in the care of such person in accordance with conditions agreed upon by the director with such person; or

(d) if he is of the opinion—

(i) that any isolation or treatment thereof will not promote the relevant controlled purpose; or

(ii) that the calculated cost of the performance in respect thereof of any act referred to in paragraphs *(a)*, *(b)* or *(c)* exceeds the estimated value thereof; or

(iii) that no remedies or equipment is available to act in accordance with paragraph *(a)* or *(b)* in respect thereof,

be destroyed or otherwise disposed of, or the owner concerned may be ordered so to destroy or dispose of it.

(4) The director shall, as soon as he is satisfied that the detention of any animal or thing seized by him under subsection (1) *(b)* and which has been dealt with in accordance with subsection (3) *(a)* or *(c)*, is no longer necessary for any controlled purpose, return it to, or consent to its being restored in full possession of, the owner concerned, as the case may be.

(5) The carcass of any animal seized under subsection (1) *(b)*, or which has been slaughtered pursuant to subsection (3) *(b)*, or destroyed or disposed of under subsection (3) *(d)*, shall be forfeited to the State, and the director may—

(a) if he is able to dispose of the carcass in a manner beneficial to the State, so dispose of it, in which case any expenditure resulting therefrom shall be defrayed from the income obtained therefrom; or

(b) where paragraph *(a)* is not applicable, dispose of the carcass at his discretion.

(6) The owner in respect of any animal or thing seized under subsection (1) *(b)*, shall reimburse the State with any reasonable expenses incurred by the director in connection with the performance by him of any act under any provision of subsection (3), (4) or (5) in respect thereof, and which cannot be defrayed from any income referred to in subsection (5) *(a)*: Provided that the foregoing provisions of this subsection shall not apply in respect of any animal to which any provision of an animal health scheme applies.

Fences.

18. (1) *(a)* The director may for any controlled purpose or, in order to conrol in connection therewith the movement, removal or transport of animals, erect permanent fences along, on or across public or private roads or along the boundaries of any land, and temporary fences on or across any land, and may install gates, grids or other passages in any such fence.

(b) The director shall maintain fences erected and passages installed under paragraph *(a)*, and may from time to time effect such alterations thereto as he may deem necessary.

(2) The director may on any land build, rebuild, repair and maintain roads giving access to, or which are necessary in connection with the erection, maintenance and alteration of, any

herbou, herstel en in stand hou, en kan enige brug, spoelbrug, duiksloot of drif wat vir die gebruik of instandhouding van so 'n pad nodig is, daarop aanbring.

(3) Die direkteur kan vir die doeleindes beoog in subartikels (1), (2) en (6), na kennisgewing aan 'n eienaar of bestuurder van betrokke grond—

(a) die grond betree en okkupeer, en die helpers of beamptes en vervoermiddels, tente, materiaal, gereedskap en ander goed met hom saamneem wat hy nodig ag;

(b) 'n tydelike kamp op 'n geskikte plek op die grond opslaan; en

(c) behoudens subartikel (4), sand, grond, klei, gruis, klip, water, hout of ander materiaal wat hy nodig het, vanaf enige plek op die betrokke grond, of op enige ander nabygeleë grond waarop dit beskikbaar is, uitgrawe of neem en verwyder.

(4) Die direkteur kan aan 'n betrokke eienaar of bestuurder, by die voorlegging aan hom van 'n skriftelike aansoek, op die grondslag wat die direkteur bepaal 'n billike vergoeding betaal vir die gebruik van enige grond of materiaal bedoel in subartikel (3) *(c)*, of kan, waar hy van oordeel is dat so 'n betaling onder die besondere omstandighede nie geregverdig is nie, so 'n aansoek weier.

(5) *(a)* Waar die direkteur van oordeel is dat die oprigting van 'n heining of die bou van 'n pad bedoel in onderskeidelik subartikel (1) en (2), of enige deurgang ten opsigte van so 'n heining of brug, spoelbrug, duiksloot of drif, ten opsigte van so 'n pad, of enige verandering, herstel of instandhouding daarvan, tot voordeel is van 'n eienaar of bestuurder van betrokke grond, kan die direkteur die gedeelte van die betrokke koste wat hy, behoudens paragraaf *(b)*, bepaal, op die eienaar of bestuurder verhaal.

(b) 'n Bedrag wat ingevolge paragraaf *(a)* verhaalbaar is, word op die grondslag wat die direkteur goedvind deur hom bepaal, en die direkteur moet die betrokke eienaar of bestuurder skriftelik in kennis stel van die bedrag wat aldus verhaalbaar is en van die grondslag waarop dit bereken is.

(6) Die direkteur kan, met die instemming van die Minister van Finansies, 'n heining kragtens subartikel (1) *(a)* opgerig wat nie meer vir die doeleindes waarvoor dit opgerig is, gebruik word of geskik is nie, in die geheel of gedeeltelik verwyder, en op die voorwaardes wat hy bepaal en ten behoewe van die Staat verkoop of daaroor op die ander wyse wat hy dienstig ag, beskik.

(7) Niemand mag—

(a) 'n heining wat kragtens subartikel (1) opgerig is of enige hek, motorhek of deurgang daarin aangebring, sonder die skrifelike magtiging van die direkteur verwyder, verander of in doelmatigheid verminder nie; of

(b) 'n pad wat kragtens subartikel (2) gebou is, of enige brug, spoelbrug, duiksloot of drif daarop aangebring, verander, versper of beskadig nie.

(8) By die toepassing van die bepalings van subartikel (1) *(a)* en *(b)* betreffende die aanbring van hekke, motorhekke en deurgange in en veranderinge aan heinings, en die bepalings van subartikels (3), (4), (5) en (7) *(a)* vir sover hulle ten opsigte van heinings van toepassing is, word 'n heining wat op die internasionale grense van die Republiek opgerig is, geag 'n heining te wees wat kragtens subartikel (1) *(a)* opgerig is vir 'n beheerde doel.

Vergoeding.

19. (1) Die eienaar van enige dier of ander ding wat kragtens of uit hoofde van 'n beheermaatreël, of 'n bepaling van artikel 17 (3) of (5), of enige ander bepaling van hierdie Wet, deur die direkteur of op sy lasgewing van kant gemaak, vernietig of andersins oor beskik is, kan 'n aansoek om vergoeding vir die verlies van die dier of ding by die direkteur indien.

(2) Die direkteur kan, met inagneming van—

(a) die toepaslike vergoeding, gebaseer op die billike markwaarde van die dier of ding, wat vir die doeleindes

fence referred to in subsection (1), and may construct thereon any bridge, causeway, culvert or drift which is necessary for the use or maintenance of any such road.

(3) The director may for the purposes contemplated in subsections (1), (2) and (6), after notice to an owner or manager of relevant land—

(a) enter upon and occupy the land, and take with him such assistants or officers and conveyances, tents, material, tools and other things as he considers necessary;

(b) pitch a temporary camp on any suitable place on the land; and

(c) subject to subsection (4), dig out or take and remove sand, soil, clay, gravel, stone, water, wood or other material which he requires from any place on the relevant land or on any nearby land on which it is available.

(4) The director may, on submission to him of a written application, pay to the relevant owner or manager, on a basis determined by the director, reasonable compensation for the use of any material referred to in section (3) *(c)*, or may, where he is of opinion that any such payment is under the particular circumstances not justified, refuse any such application.

(5) *(a)* Where the director is of opinion that the erection of a fence or the building of a road referred to in subsections (1) and (2), respectively, or any passage in respect of such fence or bridge, causeway, culvert or drift in respect of such road, or any alteration, repair or maintenance thereof, will be of advantage to an owner or manager of relevant land, the director may recover any portion of the relevant costs determined, subject to paragraph *(b)*, by him, from the owner or manager.

(b) Any amount recoverable in terms of paragraph *(a)*, shall be determined by the director on any basis deemed fit by him, and the director shall notify the owner or manager in writing of the amount so recoverable and of the basis on which it was calculated.

(6) The director may, with the concurrence of the Minister of Finance, remove, wholly or partially, any fence erected under section (1) *(a)* which is no longer used or suitable for the purposes for which it was erected, and sell or otherwise dispose of it in any manner deemed fit by him and on the conditions determined by him, for the benefit of the State.

(7) No person shall—

(a) without the written authority of the director, remove, alter or impair in efficacy any fence which has been erected under subsection (1), or any gate, grid or passage installed therein; or

(b) alter, obstruct or damage any road which has been built under subsection (2), or any bridge, causeway, culvert or drift constructed thereon.

(8) For the purposes of the provisions of subsection (1) *(a)* and *(b)* regarding the installation of gates, grids and passages in, and the effecting of alterations to, fences, and the provisions of subsections (3), (4), (5) and (7) *(a)* in so far as they relate to fences, any fence which has been erected on the international boundaries of the Republic, shall be deemed to be a fence erected under subsection (1) *(a)* for a controlled purpose.

Compensation.

19. (1) The owner of any animal or other thing which has been destroyed or otherwise disposed of pursuant to any control measure, or any provision of section 17 (3) or (5), or any other provision of this Act, by the director or on his authority, may submit an application for compensation for the loss of the animal or thing to the director.

(2) The director may, taking into consideration—

(a) the applicable compensation, based on a fair market value of the animal or thing, which has been prescribed

van hierdie artikel voorgeskryf is of, waar geen vergoeding aldus voorgeskryf is nie, enige bedrag wat hy vasstel aan die hand van enige maatstaf wat hy toepaslik ag:

(b) die waarde van enigiets wat in verband met die dier of ding aan die eienaar terugbesorg is;

(c) enige bedrag wat die eienaar ten opsigte van die dier of ding uit hoofde van 'n bepaling van hierdie Wet aan die Staat verskuldig is; en

(d) enige bedrag wat aan die eienaar toeval voortspruitend uit versekering daarvan,

'n billike bedrag as vergoeding vasstel.

(3) Ondanks die bepalings van subartikel (2) moet die direkteur, in die geval waar oor 'n karkas ingevolge artikel 17 (5) beskik is, die netto inkomste uit so 'n beskikking verkry, waarteen enige bedrag wat die betrokke eienaar uit hoofde van 'n bepaling van hierdie Wet ten opsigte van die karkas verskuldig is aan die Staat, verreken word, as vergoeding ten opsigte van die karkas vasstel, indien—

(a) die eienaar andersins ingevolge hierdie artikel op vergoeding geregtig is; en

(b) daardie netto inkomste die bedrag oorskry wat ten opsigte van so 'n karkas as vergoeding voorgeskryf is.

Beperkings op ondersoeke, proewe en navorsing met, en vervaardiging en evaluering van, sekere produkte.

20. Niemand mag, behalwe kragtens 'n permit en ooreenkomstig die voorgeskrewe voorwaardes, of die voorwaardes wat die direkteur in 'n besondere geval bepaal—

(a) enige ondersoek, proef of navorsing met enige entstof, serum, toksien, anti-toksien, antigeen of ander biologiese produk wat geheel of gedeeltelik bestaan uit of afkomstig is van 'n mikro-organisme, of uit of van die kliere, organe, vloeistowwe, of enige ander deel, van 'n dier of parasiet, onderneem of doen nie: Met dien verstande dat die voorgaande bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie op 'n stof vir sover dit beheer word ingevolge die Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet No. 101 van 1965);

(b) vir die vervaardiging of evaluering van 'n produk of middel wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word by of vir die toetsing, diagnosering, voorkoming, behandeling of genesing van 'n dieresiekte of parasiet, of vir die instandhouding of verbetering van die gesondheid, groei of produksie- of werksvermoë van 'n dier, enige entstof, serum, toksien, anti-toksien, antigeen of ander biologiese produk bedoel in paragraaf *(a)*, gebruik nie; of

(c) vir die doeleindes van enige ondersoek, proef of navorsing bedoel in paragraaf *(a)*, of van die vervaardiging of evaluering van 'n produk of middel bedoel in paragraaf *(b)*—

(i) 'n dier of enigiets anders met 'n dieresiekte of parasiet besmet of besoedel nie; of

(ii) 'n beheerde dier of ding, of 'n protosoön, bakterie, virus, swam, parasiet, ander organisme of agens waardeur 'n dieresiekte of parasiet versprei kan word, in die Republiek inbring of versamel nie, of dit in sy besit hê, of vanaf die plek waar dit normaalweg voorkom of gehou word, verwyder of vervoer nie.

Algemene bepalings betreffende aansoeke, eise en versoeke.

